

# Ons Erediens

## NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:  
Dr. Ernst Endres – 29 November 2020**

### 1. VOTUM

Toe die Here die lot van Sion verander het,  
was dit vir ons soos 'n droom.

<sup>2</sup>Ons het gelag en gesing.

Onder die nasies het hulle gesê:

“Die Here hét groot dinge  
aan hierdie mense gedoen.”

<sup>3</sup>Die Here hét groot dinge  
aan ons gedoen;  
ons was bly. (Psalm 126)

### 2. SEËNGROET

<sup>3</sup>Genade en vrede vir julle van God ons Vader en  
die Here Jesus Christus,

<sup>4</sup>wat Homself vir ons sondes gegee het  
om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en  
so die wil van God ons Vader te volbring.

<sup>5</sup>Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid! Amen.

### 3. SKRIFLESING EN GEBED.

**Teks.** 1 Petrus 4:10,11 en 1 Kor 14:3

**Tema.** Sit en Luister: die gawe van bemoediging

#### **Veelkleurige beproewing en genade.**

Petrus verwys na die verskillende vorme van swaarkry en genade as *veelkleurige* beproewings (16:) en *veelkleurige* genade (4:10). Vir elke vorm van swaarkry is, is daar 'n vorm van genade. God maak van die gawe van opbou, **bemoediging** en vertroosting gebruik om mense in nood by te staan en tot genesing te lei.



## **Gawe van bemoediging: parakleisis**

Die woord “parakleisis” beteken “to call to one side”, kom sit hier langs my en luister na my verhaal. Parakleisis omvat vier aspekte:

- (1) officium consolandi,
- (2) digters en sangers,
- (3) ondersteunende vriende en
- (4) die afgestorwene.

### **1. Sit en luister: officium consolandi. (die gawe om te luister)**

- **Jou verhaal.** Hy het die gawe om langs te kom sit en na jou verhaal te luister sonder om jou in die rede te val of oplossings aan te bied.
- **Luister met empatie.** Hy luister met empatie en respek want hy weet dat hy hom op heilige grond bevind.
- **Sy doelwit.** Hy begelei jou tot eie insigte, antwoord en genesing. Eers wanneer jou verhaal eindig by die Christus- en Godsverhaal is sy werk afgehandel.

## **Die verhaal (memoirs) van Victor Fankl.**

Viktor Frankl en sy familie is gedurende die 2<sup>e</sup> wêreldoorlog in Auschwitz opgeneem. Hy was die enigste een van sy familie wat die strafkamp oorleef het. Sy vrou het ook in die strafkamp gesterf. Na die oorlog het hy binne nege dae “memoirs” geskryf oor sy ervarings in die strafkamp. Hierdie memoirs is later gepubliseer onder die titel, “Man’s search for meaning” wat ’n topverkoper geword het. In sy memoirs vertel hy van sy ervarings in die strafkamp en hoe hy en sy vriende meganismes gevind het om te oorleef. Ons kyk kortliks na enkele aspekte wat in sy “memoirs” na vore kom:

### **Liefde.**

Alhoewel hy sy vrou nooit weer gesien het nie, vertel hy hoedat sy liefde vir haar nuwe betekenis gekry het. In sy eensaamheid en swaarkry het hy in sy gedagtes met haar gepraat en dit was asof sy onmiddellik daar was. In sy gedagtes het hy ’n ander realiteit ervaar, die teenwoordigheid van sy vrou en dat hulle eindelijk nooit van mekaar geskei was nie.

### **Lyding.**

Frankl skryf dat as daar enigsins betekenis en sin in die lewe is, dan moet daar ook sin en betekenis in lyding wees, aangesien lyding en dood deel van die lewe is. Sonder die ervaring van lyding is die mens se lewe onvoltooid.



### **Doelwitte.**

Frankl skryf dat as jy onder moeilike omstandighede wil oorleef, jy vir jou persoonlike doelwitte moet stel, wat jou motiveer om met die lewe aan te gaan. Hy vertel die verhaal van 'n persoon in die strafkamp wat sy dogter laas gesien het toe sy nog swanger was. Sy doelwit was om ten alle koste te oorleef, want hy wou sy kleinkind na die oorlog sien. Iemand anders het aan 'n projek gewerk wat hy na die oorlog wou voltooi. In die strafkampe het hulle begin om mekaar aan te moedig om "iets" te kry om voor te leef.

### **Die menslike psige.**

Frankl skryf dat lyding die menslike psige oopskeur en die dieptes van die innerlike mens ontbloot. Eers in lyding word jy gekonfronteer met wie jy is, wanneer die goedheid en boosheid in jou ontbloot word. Hy skryf dat lyding die slegste en die beste in mense na vore bring.

### **Vryheid van keuse.**

Frankl skryf dat dit nie die mens is wat vrae vra aan die lewe nie, maar dat dit die lewe is wat vrae vra aan die mens. Die lewe vra die vrae, en jy as mens moet antwoord. In die proses het jy een gawe, die gawe van die vryheid van keuse. Elke mens het die vryheid om te kies oor hoe hy in sy omstandighede van swaarkry gaan optree.

### **Sukses en geluk.**

Frankl het geskryf dat die mens nooit moet probeer om sukses en geluk na te streef nie. Hoe meer jy sukses en geluk nastreef, hoe minder bereik jy dit. Elke mens moet na iets hoër as homself streef. Wanneer jy jou met oorgawe aan die hoër doel toewy, kom jy skielik agter dat sukses en geluk jou mettertyd begin volg!

In die proses van bemoediging moet jy begelei word om jou eie verhaal te vertel en hoe meer jy jou eie verhaal vertel, hoe meer kry jy die geleentheid om sin, betekenis en genesing in jou eie swaarkry te vind. Soos Frankl ontdek jy die antwoorde op jou eie vrae! Frankl het die gesig van sielkunde verander: logoterapie

VEELKLEURIGE BEPROEWING: WAT IS JOU PERSOONLIKE VERHAAL EN WATTER SIN, BETEKENIS EN GROEI HET JY UIT JOU VERHAAL GEKRY. KRY IEMAND WAT DIE GAWE VAN BEMOEDIGING HET OM JOU IN DIE PROSES TE BEGELEI. HOE HET JOU VERHAAL DEEL VAN DIE GODSVERHAAL GEWORD?



## 2. SANGERS EN DIGTERS.

Die tweede aspek van parakleisis het met sangers en digters te doen. Die sangers en digters sit langs die persoon wat swaarkry en luister na hulle verhale. Die digters skryf gedigte oor die gebeure en die sangers toonset die gedigte en dan word die gedigte en liedere deel van die verhaal van die persoon wat seergekry het en dit word gereeld gesing en voorgedra

### Dawid en sy ervarings in die Adullamgrotte

#### Paulus skryf oor sy trauma. (Psalm 143)

<sup>3</sup>n Vyand vervolg my,  
hy trap my in die grond,  
hy hou my gevange in die donker.  
Ek is soos iemand wat lankal dood is.  
<sup>4</sup>Ek het alle moed verloor, ek is verslae.  
<sup>5</sup>Ek dink aan die verre verlede,  
ek peins oor alles wat U gedoen het  
en oor die werk van u hande dink ek na.  
<sup>6</sup>Ek strek my hande uit in gebed na U toe,  
ek is voor U soos 'n uitgedorde land. **Sela**

<sup>7</sup>Antwoord my tog gou, Here,  
ek is heeltemal gedaan.  
Moet tog nie van my af wegkyk  
dat ek word soos dié wat sterwe nie.  
<sup>8</sup>Laat my elke môre u liefde ondervind,  
want in u stel ek my vertrou.  
Wys my die pad wat ek moet loop,  
want my hoop is op U gevestig.

#### Die sanger, Eric Clapton.

Eric se 4 jarige seun, Connor, het in 1991 uit 'n 53 verdieping hotel na sy dood geval. Eric kon die dood van Connor nie verwerk. 'n Jaar later het hy met behulp van sy vriend 'n lied oor die dood van Connor geskryf. Die lied het 'n topverloper in Engeland geword en hy het ook drie grammy toekennings vir die lied gekry.



## Tears in heaven

Would you know my name  
If I saw you in heaven?

Would it be the same  
If I saw you in heaven?

I must be strong and carry on  
'Cause I know I don't belong here in heaven

Would you hold my hand  
If I saw you in heaven?

Would you help me stand  
If I saw you in heaven?

I'll find my way through night and day  
'Cause I know I just can't stay here in heaven

Time can bring you down,  
time can bend your knees  
Time can break your heart,  
have you begging please,  
begging please  
Beyond the door, there's peace

### 3. KOSBARE VRIEND WAT JOU BYSTAAN IN TYE VAN NOOD

Kosbare vriende na trauma is die wat net saam met jou sit langs die ashoop en luister na jou verhaal omdat hulle weet dat die vertel van jou verhaal 'n soeke na betekenis is. Dat dit jou manier is om struktuur aan jou pyn te gee. En die vriende sal weet dat daar nie sprake is van 'n eenmalige klaar-vertel nie. Dit is 'n oor en oor vertel. Nadat jy dit baie vertel het kom die oomblik wanneer die trauma verhaal nie meer sulke intense gevoelens opwek nie. Dit word deel van jou lewensverhaal, maar net 'n deel daarvan. Die pyn begin sy felheid verloor. Die slagoffers kom tot die slotsom dat die trauma nie die belangrikste deel van hulle lewensverhaal is nie.



Die vrae wat die slagoffer vra is meestal retories en 'n uitdrukking van hulle pyn en verwarring. Slagoffers se behoefte is 'n oor wat hoor en 'n skouer om op te huil eerder as voorstelle en advies vir oplossings. Wees net daar as jou vriend getraumatiseerd is. Vriende wat omgee luister met empatie terwyl die slagoffer oor die trauma praat. Die simpatieke teenwoordigheid van mense met wie slagoffers hulle seer kan deel en aan wie hulle hulle storie kan vertel, is baie waardevol. Dit is deur die vertel van die verhaal, dat die gevoelens ontlaai word en groter duidelikheid verwerf word. Sulke vriende is fisies of elektronies beskikbaar en wys hulle omgee met eposse, sms'e, handdrukke of borde kos. Sulke vriende sal luister sonder om te verwyf of te veroordeel. Goeie vriende weet dat dit nie help om verklarings en antwoorde op al die vrae te gee nie. Die vrae wat die slagoffer vra is meestal retories en 'n uitdrukking van hulle pyn en verwarring. Slagoffers se behoefte is 'n oor wat hoor en 'n skouer om op te huil eerder as voorstelle en advies vir oplossings. Wees net daar as jou vriend getraumatiseerd is.

#### **4. DIE AFGESTORWENE.**

Die verhale van afgestorwenes funksioneer ook as 'n vorm van die bemoediging vir diegene wat agterbly. Ook in die vertel van die verhaal van afgestorwenes word troos gevind. Ons kyk na drie verhale:

##### **Die verhaal van Bonhoeffer (1906-1945)**

Dietrich Bonhoeffer, 'n teoloog in die Lutherse kerk in Duitsland, word op 9 April 1945 in Flössenburg tereggestel. Hy was deel van 'n handjievul Duitse teoloë wat hulle teen Naziïsme verset het en hulle teen die Ariese klousules in die Nazi-ideologie uitgespreek het. Hy begin met 'n ondergrondse seminarium wat later deur die hoof van die Gestapo, Heinrich Himmler, gesluit is. Daarna sluit hy by 'n weerstandsbeweging aan en word deel van 'n komplot om Hitler te vermoor. Hy word in April 1943 deur die Gestapo gearresteer en in die strafkamp Flossenburg geplaas. Bonhoeffer is drie weke voor die beëindiging van die oorlog tereggestel.

In die gevangenis het hy briewe en gedigte aan sy verloofde, Maria von Wedemeyer, geskryf. Sy het eers drie jaar na die beëindiging (1948) van die oorlog deur 'n uitsending van die BBC verneem dat haar verloofde tereggestel is. Daarna emigreer sy na Amerika waar die gedigte in boekformaat uitgegee is en 'n topverkoper geword het. Onder die briewe is pragtige gedigte, "New Year 1945" wat hy aan sy verloofde, Maria von Wedemeyer, skryf:



And when this cup you give is filled to brimming  
with bitter sorrow, hard to understand,  
we take it thankfully and without trembling,  
out of so good and so beloved a hand. (vers 3)

### **Die verhaal van Joe en Mary Bayly.**

Agtien jaar later speel 'n tweede tragedie hom in Amerika af toe die verloofde seun van 'n bekende Amerikaanse skrywer, Joe en Mary Bayly, in 'n slegte ongeluk sterf. 'n Vriend van die verloofde meisie gee vir haar die boek "New Year 1945" om te lees en daarna stuur sy dit aan Joe en Mary Bayly. Later vertel hy hoe hierdie gedig en verhaal van Bonhoeffer en Von Wedemeyer hulle getroos het. Hierna skryf hy gedigte wat onder die titel "Hemel" gepubliseer is.

### **'n Predikante vriend.**

Twaalf jaar later speel 'n derde verhaal hom af toe 'n predikante vriend van Joe Bayly hom kontak en vertel dat hy 'n vrouelidmaat, wat terminaal siek is, bystaan. Hy vra of hy iets het wat hy vir haar kan gee om te lees. Hy stuur toe sy gedigteboek "Hemel" wat hy na die dood van sy seun geskryf het. Die predikant vertel dat sy die gedigteboek die hele nag deurgelees het en die volgende dag vertel het oor wat dit alles vir haar beteken het. Sy is 'n paar ure later oorlede.

Die vrou was Maria von Wedemeyer-Weller, die verloofde van Bonhoeffer. Die sirkel van die gawe van bemoediging is voltooi deur die verhale van afgestorwenes.

### **Die ingesteldheid van persone met die gawe van bemoediging.**

Jesaja 40-66 is boodskappe van genesing, bemoeding, inspirasie en die skep van nuwe drome. Wat was die geheim van Jesaja, die geheim van iemand wat die gawe van bemoediging het? In Jesaja 50 deel hy sy geheim met ons:

<sup>4</sup>Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik  
sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat.

Elke môre laat Hy my opnuut weer luister, Hy laat my luister  
soos 'n leerling moet luister. <sup>5</sup>Die Here my God het my geleer  
om te luister: ek was nie teen Hom opstandig nie,  
ek was nie ontrou aan Hom nie.



#### 4. SEËNBEDE

Die Here jou God is by jou,  
Hy, die krygsman wat red.  
Hy is Die Gees van die Here my God het oor my gekom;  
die Here het my gesalf  
om 'n blye boodskap te bring  
aan die mense in nood,  
Hy het my gestuur  
om dié wat moedeloos is, op te beur,  
om vir die gevangenes  
vrylating aan te kondig,  
vryheid vir dié wat opgesluit is,  
<sup>2</sup>om aan te kondig dat die tyd gekom het  
waarop die Here genade betoon,  
die dag waarop ons God sy vyande straf  
maar almal wat treur, vertroos,  
<sup>3</sup>die dag waarop Hy  
vir dié in Sion wat treur,  
eer gee in plaas van smart,  
vreugde in plaas van droefheid,  
blydschap in plaas van hartseer.  
Hulle sal genoem word:  
Bome van Redding.  
Die Here het hulle geplant  
om sy roem te vermeerder.  
(die bediening van die gawe van Bemoediging).

#### 7. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer

